LIBERTY
Own your life

# 10 vrae vir jou finansiële adviseur

Goeie finansiële adviseurs sal hul kliënte aanmoedig om vrae te vra. ‘n Adviseur verkies ‘n tevrede kliënt wat sy of haar finansiële behoeftes verstaan bo ‘n ongelukkige kliënt wat ontnugter is met die diens wat hy of sy ontvang.

1. **Wys my jou lisensie?**
   Finansiële adviseurs in Suid-Afrika moet by die Finansiële Diensteraad (FDR) gelisensieer wees.

2. **Het jy ‘n kwalifikasie?**
   Baie adviseurs is gesertifiseerde finansiële beplanners, maar ervaring kan ook ‘n vorm van kwalifikasie wees. Enige adviseur wat Liberty verteenwoordig, sal aan die vereistes voldoen wat deur die Finansiële Advies- en Intermediêre Dienstewet (FAID) daargestel is.

3. **Het jy verwysings?**
   ‘n Verwysing van ‘n tevrede kliënt is een manier om ‘n goeie adviseur te kies. Stel egter eers vas waarom die kliënt tevrede is. Is dit omdat die adviseur sy/haar geld binne ‘n maand verdubbel het, of omdat hy/sy ‘n langtermyn finansiële strategie het waarmee hulle tevrede is? Korttermyn-winste kan skeefloop, maar ‘n langtermynplan skep langtermyn rykdom.

4. **Volg jy die ses-stap proses?**
   Die meeste toonaangewende finansiële beplanners volg die internasionaal erkende Finansiële Beplanners-instituut se ses-stap proses om ‘n kliënt se bestaande finansiële kennis en ervaring, asook huidige finansiële omstandighede te identifiseer. Die gaping tussen die bestaande situasie en die gewenste uiteinde help om die finansiële plan daar te stel.

5. **Hoe gereeld sal ons ontmoet?**
   Finansiële oorsigte is noodsaaklik vir enige suksesvolle plan en ‘n mens behoort minstens een keer per jaar met ‘n adviseur te vergader. By so ‘n geleentheid kan persoonlike omstandighede bespreek word en kan bepaal word of jy op koers is met jou plan al dan nie.

6. **Is daar iemand wat by jou kan oorneem?**
   Verkieslik moet ‘n mens ‘n finansiële adviseur hê wat deel is van ‘n maatskappy, sodat indien iets met die adviseur gebeur, daar iemand anders sal wees wat die verhouding kan voortsit.

7. **Met watter ondernemings doen jy sake?**

Maak seker dat jou adviseur toegang het tot gerespekteerde diens- en produkverskaffers. By Liberty voorsien ons ons adviseurs van voortgesette opleiding, sowel as toegang tot ‘n span kundiges wat die adviseur met die meer tegniese aspekte van finansiële beplanning, soos boedelbelasting, belasting en trusts kan bystaan.

## 8. Wat kos jou advies en wat kry ‘n mens daarvoor?

Dit is belangrik om te verstaan hoe die adviseur ‘n inkomste verdien. Aan sommiges word kommissie betaal deur die produkverskaffers wat hulle verteenwoordig en ander het weer ‘n stelsel van adviesgelde wat deur kliënte betaalbaar is. Jy moet verstaan watter dienste ingesluit word en of jy reken jy kry waarde vir jou geld. Kliënte kan hul voortgesette adviesgeld-betaling op beleggingsprodukte staak indien hulle meen hul adviseur verskaf nie ‘n bevredigende diens nie. Veranderinge aan wetgewing laat kliënte ook nou toe om enige voortgesette kommissie op hul beleggingsprodukte na ‘n nuwe adviseur te kanaliseer indien hulle van adviseur verander.

## 9. Wat is die koste van hierdie produk en wat is jou kommissie?

Koste is belangrik, veral op beleggingsprodukte wat algehele opbrengs kan raak. ‘n Goeie adviseur sal aan jou ‘n verskeidenheid keuses bied wat jou die geleentheid sal gee om op die relatiewe koste en voordele van die voorgestelde produk te besluit.

## 10. Hoekom is hierdie produk geskik vir my?

Die produk moet in jou behoeftes voorsien, nie dié van die adviseur nie. Maak dus seker dat jy die voordele en terme van die produk verstaan, sowel as enige beperkings op eise of onttrekkings.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*